

**Saterdag 21 Oktober**

**Skrifgedeelte: Matteus 16:18-19; 18:15-20**

**Fokusgedeelte: Matteus 18:25-20; HK Vraag en Antwoord 85**

**Die tug is 'n sleutel wat God vir ons gegee het om sy Koninkryk vir ander oop of toe te sluit**

Wanneer jy sien dat iemand op die verkeerde pad is, kan jy dit nie net so los nie. Uit liefde moet jy met daardie persoon gaan praat. As daardie persoon na jou luister, het jou gesprek met daardie persoon die koninkryk van die hemel vir hom of haar oopgesluit. Dan het die Heilige Gees jou gebruik om daardie persoon te oortuig van sonde en hom of haar tot bekering te lei.

Jy moet altyd onthou dat dit slegs die Heilige Gees is wat iemand van sonde kan oortuig. Dit is slegs die Heilige Gees wat iemand tot geloof en bekering kan lei. Dit is slegs die Heilige Gees wat iemand sover kan kry om God se groot liefde vir sondaars in Christus te omhels. Jóu werk is slegs om die saad te saai. Die oortuigingswerk kan jy in die hande van die Heilige Gees los.

As die persoon nie na jou luister nie, moet die pad wat in Matteus 18:15-20 voorgeskrywe word, in liefde en met lankmoedigheid gevolg word. As iemand, nadat daar baie kere met hom of haar gepraat is, uiteindelik van die gemeente afgesny word, het die Christelike tug die koninkryk van die hemel vir hom of haar toegesluit. Indien die persoon egter op enige stadium in hier-die proses tot inkeer kom, het die Christelike tug die koninkryk van die hemel vir hom of haar oopgesluit.

*Sing: Skrifberyming 15-7:1, 6*

*Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom-Noord)*